Hemodialise verminder serumkonsentrasies van beide amoksisillien en klavulaansuur en 'n bykomende dosis moet aan die einde van dialise toegedien word.

Bejaardes:
Geen dosis verandering word as noodsaaklik beskou.

Hepatiese inkorting:
Doseer met omsigtigheid en monitor die lewerfunksie met gereelde tussenposes (sien afdeling 4.3 en 4.4).

Metode van toediening

AUGSPEC 1 g is vir orale gebruik.
Tablette moet onmiddellik voor ete geneem word.

Doseringsgids:

Amoksisillien-Sensitiewe Organismes			
Boonste lugweg-infeksies	Onderste lugweg-infeksies	Urienweginfeksies	Vel- en sagteweefselinfeksies
Volwassenes:			
1 tablet 12-uurliks	1 tablet 12-uurliks	1 tablet 12-uurliks	1 tablet 12-uurliks

Amoksisillien-Weerstandige Organismes:			
Boonste lugweg-infeksies (Otitis media) *H. influenzae, H. parainfluenzae*	Onderste lugweg-infeksies (Otitis media) *H. influenzae, H. parainfluenzae*	Urienweginfeksies *E. coli, Klebsiella pneumoniae*	Vel- en sagteweefselinfeksies *Metisillien-sensitiewe Staphylococcus aureus*
Volwassenes:			
1 tablet 12-uurliks	1 tablet 12-uurliks	1 tablet 12-uurliks	1 tablet 12-uurliks

4.3. Kontraindikasies

AUGSPEC 1 g is teenaangedui in:

- Hipersensitiwiteit vir die aktiewe stowwe amoksisillien of klavulaansuur of vir enige van die hulpstowwe (sien afdeling 6.1).
- Hipersensitiwiteit vir penisilliene of kefalosporiene. Kruis-sensitiwiteit tussen penisilliene en kefalosporiene is goed gedokumenteer.
- AUGSPEC 1 g is teenaangedui by pasiënte met 'n vorige geskiedenis van amoksisillien/klavulaan-geassosieerde geelsug/hepatiese disfunksie (sien afdeling 4.8).

4.4. Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

Voorskrywers moet die beginsels van antibiotika-rentmeesterskap nakom. Ernstige en soms noodlottige hipersensitiwiteitsreaksies (anafilaktiese reaksies) is aangemeld by pasiënte wat penisillienterapie ondergaan. Deeglike navrae aangaande vorige hipersensitiwiteitsreaksies teenoor penisilliene, kefalosporiene of ander allergene moet gedoen word, alvorens behandeling met AUGSPEC 1 g aanvang neem. Hoewel anafilakse meer dikwels voorkom na parenterale terapie, het dit voorgekom by pasiënte op mondelikse penisilliene. Hierdie reaksies is meer geneig om voor te kom by individue met 'n geskiedenis van penisillien-hipersensitiwiteit en/of 'n geskiedenis van sensitiwiteit teenoor meervoudige allergene. Daar was berigte van individue met 'n geskiedenis van penisillienhipersensitiwiteit, wat ernstige reaksies ervaar het as hulle met kefalosporiene behandel is.
As 'n allergiese reaksie plaasvind, moet AUGSPEC 1 g gestaak word en met die geskikte terapie begin word. Ernstige anafilaktiese reaksies mag onmiddelike noodbehandeling met adrenalien benodig. Suurstof, intraveneuse steroïede en bestuur van die lugweg, insluitend intubasie, mag ook benodig word

Ernstige kutane newe-effekte (SCAR), soos Stevens-Johnson-sindroom (SJS), toksiese epidermale nekrolise (TEN), geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome (DRESS) en akute veralgemeende eksantematiese pustulose (AVEP) is gerapporteer by pasiënte wat met beta-laktaam antibiotika behandel is. As SCAR vermoed word, moet beta-laktaam-antibiotika gestaak word.

In die geval dat dit bewys word dat 'n infeksie te wyte is aan 'n amoksisillien-vatbare organisme(s), moet dit oorweeg word om oorteskakel van amoksisillien/klavulaansuur na amoksisillien toe.

AUGSPEC 1 g is nie geskik vir gebruik as daar 'n groot risiko bestaan dat die veronderstelde patogene weerstandig is teen beta-laktaam-middels wat nie bemiddel word deur beta-laktamases wat vatbaar tot inhibisie deur klavulaansuur is nie. AUGSPEC 1 g moet nie gebruik word vir die behandeling van penisillien-weerstandige *S. pneumoniae* nie.

AUGSPEC 1 g moet vermy word indien aansteeklike mononukleose vermoed word, aangesien die voorkoms van 'n morbillivorme uitslag met die toestand geassosieer is na die gebruik van amoksisillien.

Konvulsies kan voorkom by pasiënte met ingekorte nierfunksie of by die wat hoë dosisse ontvang (sien afdeling 4.8)

Verlengde gebruik mag lei tot oorgroei van nie-gevoelige organismes. Pseudomembraneuse enterokolitis is gerapporteer. Die moontlikheid van superinfeksies met mikotiese of bakteriële patogene moet in gedagte gehou word tydens terapie. Indien superinfeksies voorkom (gewoonlik is *Aerobacter*, *Pseudomonas* of *Candida* teenwoordig), moet die middel gestaak word en/of geskikte terapie begin word

Die voorkoms tydens die aanvang van die behandeling van 'n koorsagtige eriteem wat verband hou met pustula kan 'n simptoom wees van akute veralgemeende-eksantheme pustulose (AGEP) (sien afdeling 4.8). Hierdie reaksie vereis dat AUGSPEC 1 g gestaak word en kontraindikeer die daaropvolgende toediening van amoksisillien.

Verlenging van protrombientyd is selde gerapporteer by pasiënte wat AUGSPEC 1 g ontvang.
Toepaslike monitering behoort onderneem te word wanneer antikoagulante gelyktydig voorgeskryf word.

Antibiotikum-geassosieerde kolitis, (insluitend pseudomembraneuse kolitis, hemorragiese kolitis *Clostridium difficile*-geassosieerde diarree (CDAD)), is aangemeld met byna alle antibakteriële middels, insluitend amoksisillien, en kan in erns wissel van lig tot lewensbedreigend (sien afdeling 4.8). Daarom is dit belangrik om hierdie diagnose te oorweeg by pasiënte met diarree tydens of na die toediening van enige antibiotika. Indien antibiotikum-geassosieerde kolitis voorkom, moet AUGSPEC 1 g onmiddellik gestaak word, 'n dokter geraadpleeg word en toepaslike behandeling geïnisieer word. Anti-peristaltiese middels is in hierdie situasie teenaangedui.

Omsigtigheid moet gebruik word wanneer amoksisillien aan pasiënte met sifilis toegedien word, aangesien die Jarisch-Herxheimer-reaksie in hierdie pasiënte mag voorkom..

Wanneer hoë dosisse toegedien word, moet voldoende vloeistofinname en urinêre uitskeiding gehandhaaf word.

Die natriuminhoud moet in ag geneem word by pasiënte met 'n natrium-beperkte dieet as die toediening van hoë dosisse benodig is.

AUGSPEC 1 g moet met sorg toegedien word aan pasiënte met limfatiese leukemie aangesien hulle veral vatbaar is vir veluitslag wat deur amoksisillien veroorsaak word.

Periodieke evaluasie van orgaanfunksie, insluitend renale-, hepatiese- en hematopoëtiese funksies word aanbeveel gedurende verlengde terapie.

Ingekorte lewerfunksie: Veranderings in lewerfunksietoetse is waargeneem by sommige pasiënte wat AUGSPEC 1 g ontvang het. Verbygaande hepatitis en cholestatiese geelsug is aangemeld. AUGSPEC 1 g moet met sorg gebruik word by pasiënte met bewys van hepatiese disfunksie. Hepatiese gebeure is hoofsaaklik by mans en bejaarde pasiënte gerapporteer en kan met langdurige behandeling geassosieer word. Hierdie gebeure is baie selde by kinders aangemeld. In alle populasies verskyn tekens en simptome gewoonlik tydens of kort na die behandeling, maar in sommige gevalle kan dit eers 'n paar weke nadat die behandeling gestaak is, sigbaar word. Dit is gewoonlik omkeerbaar. Hepatiese gebeure kan ernstig wees en in minder gereelde omstandighede, is sterftes aangemeld. Dit het byna altyd voorgekom by pasiënte met ernstige onderliggende siektes of wat gelyktydige medikasie gebruik wat bekend staan vir die potensiaal om hepatiese effekte te veroorsaak (sien afdeling 4.8).

Ingekorte nierfunksie: By pasiënte met matige of ernstige renale inkorting, moet die dosis AUGSPEC 1 g aangepas word (sien afdeling 4.2). AUGSPEC 1 g moet nie gebruik word by pasiënte met 'n glomerulêre filtrasie tempo van minder as 30 ml/minuut nie.

Gebruik tydens laktasie: Amoksisillien word in borsmelk uitgeskei; daar is geen data oor die uitskeiding van klavulaansuur in borsmelk nie. Wees dus versigtig wanneer AUGSPEC 1 g aan 'n borsvoedende vrou toegedien word (sien afdeling 4.6).

Die gebruik van AUGSPEC 1 g kan lei tot die seleksie van weerstandige stamme van organismes en daarom moet sensitiwiteitstoetse, waar moontlik, uitgevoer word om die toepaslikheid van terapie te verseker

Inmenging met serologiese toetse

Dit word aanbeveel dat ensiematiese glukose-oksidasemetodes gebruik word wanneer daar getoets word vir die teenwoordigheid van glukose in urine tydens die AUGSPEC 1 g behandeling.
As gevolg van die hoë urinêre-konsentrasies van amoksisillien, is vals-positiewe lesings algemeen by chemiese metodes.

Die teenwoordigheid van klavulaansuur in AUGSPEC 1 g kan 'n nie-spesifieke binding van IgG en albumien deur rooibloedselle veroorsaak, wat tot 'n vals positiewe Coombs-toets lei.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorme van interaksie

Probenesied verlaag die renale tubulêre sekresie van amoksisillien, maar affekteer nie klavulaansuur uitskeiding nie. Gelyktydige gebruik met AUGMENTIN kan verhoogde en verlengde amoksisillienbloedvlakke tot gevolg hê, maar nie van klavulaansuur nie.

AUGSPEC 1 g kan die doeltreffendheid van mondelikse voorbehoedmiddels verminder en pasiënte moet vervolgens gewaarsku word.

Die gelyktydige toediening van allopurinol en amoksisillien verhoog die voorkoms van veluitslae aansienlik by pasiënte wat albei middels ontvang in vergelyking met pasiënte wat amoksisillien alleen ontvang. Dit is nie bekend of hierdie verergering van amoksisillienuitslag plaasvind weens allopurinol of die hiperurisemie wat teenwoordig is by hierdie pasiënte nie.

Tetrasikliene en ander bakteriostatiese geneesmiddels mag inmeng met die bakterisidiese uitwerking van amoksisillien.

Mondelikse antikoagulante en penisillienantibiotika word in die praktyk wyd gebruik sonder gerapporteerde interaksie. In die literatuur is daar egter gevalle van verhoogde internasionale genormaliseerde verhoudings by pasiënte wat op asenokoumarol of warfarien instand gehou word, en ook 'n voorgeskrewe kursus amoksisillien ontvang. As gesamentlike-toediening nodig is, moet die protrombientyd of internasionale genormaliseerde verhouding noukeurig gemonitor word met die toevoeging of onttrekking van amoksisillien. Verder kan aanpassings in die mondelikse dosis van die antikoagulante nodig wees.

Penisilliene kan die uitskeiding van metotreksaat verminder, wat 'n potensiële toename in toksisiteit kan veroorsaak.

By pasiënte wat mikofenolaatmofetil ontvang, is 'n vermindering van die aktiewe metaboliet mikofenolsuur (MPA) van ongeveer 50 % voor die dosis gerapporteer na die aanvang van mondelikse amoksisillien plus klavulaansuur. Die verandering in die voor-dosis vlak kan die veranderinge in die totale blootstelling aan MPA moontlik nie akkuraat verteenwoordig nie. Daarom moet 'n verandering in die dosis mikofenolaatmofetil normaalweg nie nodig wees nie, aangesien daar geen kliniese bewyse van wanfunksionering van die ent is nie. Noukeurige kliniese monitering moet egter tydens die kombinasie en kort na die behandeling van antibiotika uitgevoer word.

Daar is verslae van positiewe toetsresultate met behulp van 'n Aspergillus OIB-toets by pasiënte wat amoksisillien/klavulaansuur ontvang het, waar dit daarna bevind is dat hulle vry is van Aspergillus-infeksie. Kruisreaksies met nie-Aspergillus polisakkariede en polifuranoses is gerapporteer. Daarom moet die positiewe toets van Aspergillus as gevolg van pasiënte wat amoksisillien/klavulaansuur ontvang, met versigtigheid geïnterpreteer word en met ander diagnostiese metodes bevestig word.

4.6. Vrugbaarheid, swangerskap en laktasie

Vroue in die vrugbare ouderdom/Voorbehoeding by mans en vroue.

Gelyktydige gebruik van AUGSPEC 1 g en mondelikse voorbehoedmiddels verminder die effektiwiteit van mondelikse voorbehoedmiddels. Pasiënte moet sterk aangeraai word om 'n alternatiewe of bykomende voorbehoedmiddel te gebruik tydens die gebruik van hierdie medisyne (sien afdeling 4.5).

Swangerskap

Die veiligheid en effektiwiteit van AUGSPEC 1 g tydens swangerskap is nie vasgestel nie (sien afdeling 4.3, afdeling 4.4 en/of afdeling 4.8).

Laktasie

Amoksisillien word in borsmelk versprei. Alhoewel daar nie ernstige probleme by mense gedokumenteer is nie, kan die gebruik van amoksisillien deur moeders wat borsvoed, lei tot sensitisasie, diarree, kandidiase en veluitslag by die baba.

Vrugbaarheid

Geen data beskikbaar.

4.7. Effekte op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik

AUGSPEC 1 g het geen of 'm weglaatbare invloed op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik. Ongewenste effekte kan egter voorkom (bv. allergiese reaksie, duiseligheid, konvulsies), wat die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik kan beïnvloed (sien afdeling 4.8).

4.8. Ongewenste effekte

a. Opsomming van die veiligheidsprofiel

Die algemeenste gerapporteerde newe-effekte (ADR's) is diarree, naarheid, braking, slegte spysvertering, abdominale pyn, veluitslae, urtikaria en eriteem multiforme, vaginitis, genitale moniliasis, abnormale smaak, hoofpyn, duiseligheid, moegheid en warm gloede.

Die voorkoms en erns van nadelige uitwerkings, veral naarheid en diarree, het toegeneem met die hoër aanbevole dosis en kan beperk word deur AUGMENTIN toe te dien aan die begin van 'n maaltyd. Daarbenewens, aangesien hierdie simptome veral verband hou met die kaliumklavulanaat komponent, waar hierdie gastroïntestinale simptome voorkom en 'n hoër konsentrasie amoksisillien nodig is, moet oorweging daaraan geskenk word om die bykomende amoksisillien afsonderlik toe te dien.

b. Opsomming van nadelige reaksies in tabelvorm

Stelsel orgaanklas	Frekwensie	Nadelige reaksies
Infeksies en besmettings	Gereeld	Mukokutaneuse kandidiasis
	Frekwensie onbekend	Oorgroei van nie-vatbare organismes Clostridium difficile
Bloed-en limfstelselafwykings	Minder gereeld	Hemolitiese anemie, omkeerbare trombositopenie, trombositopeniese purpura, eosinofilie, omkeerbare leukopenie (insluitend neutropenie) en agranulositose.
	Frekwensie onbekend	Verlenging van bloedingstyd en protrombientyd.
Immuunstelselafwykings	Minder gereeld	Hipersensitiwiteitsreaksies (veluitslag, pruritus en urtikaria, serumsiekte-agtige sindroom, angio-edeem, eriteem multiforme, Stevens-Johnson-sindroom, hipersensitiwiteitsvaskulitis en minder gereeld bulleuse eksfoliatiewe dermatitis, akute veralgemeende eksantematiese pustulose (AGEP) en toksiese epidermale nekrolise is gerapporteer).
	Frekwensie onbekend	Hipersensiteits-interstisiële nefritis, angioneurotiese edeem, serum siek-agtige sindroom, hipersensitiwiteits vaskulitis.
Senuweestelsel afwykings	Gereeld	Disgeusie, moegheid, koors, kouekoors.
	Minder gereeld	Hiperaktiwiteit, konvulsies, duiseligheid, hoofpyn, SSS-toksisiteit.
	Frekwensie onbekend	Aseptiese meningitis
Gastro-intestinale afwykings	Gereeld	Diarree, naarheid, braking, slegte spysvertering, abdominale pyn.
	Minder gereeld	Gastritis, stomatitis, glossitis, enterokolitis, mukokutaneuse kandidiasis, antibiotikum-geassosieerde kolitis (insluitende pseudomembraneuse kolitis en hemoragiese kolitis)
	Frekwensie onbekend	Oppervlakkige tandverkleuring, swart harige tong
Hepatiese-biliêre afwykings	Minder gereeld	Verhogings in AST en/of ALT
	Frekwensie onbekend	Hepatitis en cholestatiese geelsug.
Vel- en subkutane weefsel afwykings	Minder gereeld	Veluitslag, pruritis, urtikaria en eriteem multiforme.
	Frekwensie onbekend	Purpura, diaforese, spoeling, petechiae, Stevens-Johnson-sindroom, toksiese epidermale nekrolise, Bulleuse eksfoliatiewe dermatitis, akute veralgemeende eksantematiese pustulose (AGEP), geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese sindroom (DRESS)
Renale en urinere afwykings	Minder gereeld	Kristallurie
	Frekwensie onbekend	Nefropatie en interstisiële nefritis

Aanmelding van vermoedelike nadelige reaksies

Dit is belangrik om newe-effekte wat vermoed word na die medisyne gemagtig is, te rapporteer.
Dit laat die voortgesette monitering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne toe.
Gesondheidsverskaffers word gevra om enige vermoedens van newe-effekte aan te meld by SAHPRA deur die "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9. Oordosering

Simptome: Oordosering met amoksisillien is gewoonlik asimptomaties. Gastroïntestinale effekte soos naarheid, braking en diarree mag egter voorkom en simptome van water- en elektrolietbalans behoort simptomaties behandel te word. Amoksisillienkristallurie is waargeneem, wat in sommige gevalle tot nierversaking lei.

Konvulsies kan voorkom by pasiënte met ingekorte nierfunksie of by die wat hoë dosisse ontvang.

Genoegsame vloeistof inname en urinêre uitskeiding moet gehandhaaf word om die moontlikheid van kristalurie te minimaliseer.

Amoksisillien kan uit die bloedsomloopstelsel verwyder word deur hemodialise. Die molekulêre gewig, mate van proteïenbinding en farmakokinetiese profiel van klavulaansuur, saam met inligting van 'n enkele pasiënt met renale ontoereikendheid, dui alles daarop dat hierdie verbinding ook deur hemodialise verwyder kan word.

5. FARMAKOLOGIESE EIENDOMME

5.1. Farmakodinamiese eienskappe

A 20.1.2 Penisilliene
Amoksisillien/Klavulaansuur tablette bevat 7 dele (875 mg) van 'n breëspektrum penisillien, amoksisillien en 1 deel (125 mg) van kaliumklavulaanaat.

(i) Meganisme van aksie

Amoksisillien is 'n semisintetiese penisillien (beta-laktaam-antibiotika) wat een of meer penisillienbindende proteïene in die biosintetiese weg van bakteriële peptidoglikaan inhibeer, wat lei tot die verswakking van die selwand, wat gewoonlik gevolg word deur sellisering en dood. Amoksisillien is vatbaar vir afbraak deur beta-laktamases wat deur weerstandbiedende bakterieë geproduseer word, en daarom bevat die spektrum van aktiwiteit van amoksisillien alleen nie organismes wat hierdie ensieme produseer nie. Klavulaansuur is 'n beta-laktaam wat struktureel verwant is aan penisillien. Dit deaktiveer sommige beta-laktamase-ensieme, wat die amoksisillien inaktiveer.

Daar is getoon dat kaliumklavulaanaat *in vitro* 'n onomkeerbare remmer van beta-laktamases is.

Kaliumklavulaanaat inaktiveer nie die chromosoombeheerde (Sykes tipe 1 kefalosporinase) β-laktamases wat deur *Acinetobacter* spesies, *Citrobacter* spesies, *Enterobacter*, indool-positiewe *Proteus*, *Providencia* spesies en *Serratia marcescens* geproduseer word nie. *In vitro* het die formulering sinergisme teen amoksisillien-weerstandige organismes getoon, sonder bewyse van antagonisme, en die aktiwiteit is nie verminder in die teenwoordigheid van serum nie. (*In vitro*-aktiwiteit impliseer nie noodwendig effektiwiteit *in vivo* nie).

(ii) Bakterisidiese aksie

Die amoksisillienkomponent van die formulerings oefen 'n bakteriedodende werking teen baie stamme van Gram-positiewe en Gram-negatiewe organismes uit. Die klavulaansuurkomponent het baie min bakterisidiese werking. Dit beskerm egter amoksisillien, deur gevoelige β-laktamases te inaktiveer, teen afbreking deur 'n groot aantal β-laktamase ensieme wat deur penisillien-weerstandige stamme van organismes geproduseer word.

Weerstand

Die voorkoms van weerstandigheid kan vir geselekteerde spesies geografies en mettertyd wissel, en plaaslike inligting oor weerstand is wenslik, veral wanneer ernstige infeksies behandel word. Indien nodig, moet kundige advies ingewin word wanneer die plaaslike weerstand so groot is dat die nut van die middel in ten minste sommige soorte infeksies bevraagteken kan word.

MRSA (*Staphylococcus aureus*-organismes wat bestand is teen metisillien)
Inherente weerstandbiedende organismes:
Aërobiese gram-negatiewe mikro-organismes
Acinetobacter sp. Citrobacter freundii Enterobacter sp.
Legionella pneumophila Morganella morganii Providencia spp.
Pseudomonas sp.
Serratia sp.
Stenotrophomonas maltophilia
Ander mikro-organismes:
Chlamydophila pneumoniae
Chlamydophila psittaci
Coxiella burnetti
Mycoplasma pneumoniae

5.2. Farmakokinetiese eienskappe

Absorpsie

Amoksisillien en klavulaansuur word volledig gedisosieer in waterige oplossing by fisiologiese pH. Albei komponente word vinnig en goed geabsorbeer deur die mondelikse toedieningsweg. Na mondelikse toediening is amoksisillien en klavulaansuur ongeveer 70 % biobeskikbaar. Die plasmaprofiele van albei komponente is dieselfde en die tyd tot die maksimum plasmakonsentrasie (T_{max}) is in elk geval ongeveer een uur. Amoksisillien- en klavulaansuur-serumkonsentrasies wat met amoksisillien/klavulaansuur bereik word, is soortgelyk aan dié wat deur die orale toediening van gelykstaande dosisse amoksisillien of klavulaansuur alleen geproduseer word.

Die farmakokinetika van amoksisillien en klavulaansuur is nou verwant en nie een word deur die teenwoordigheid van voedsel in die maag nadelig beïnvloed nie. Na 'n mondelikse dosis van 2 dele amoksisillien en 1 deel klavulaansuur (Amoksisillien/klavulaansuur 375 mg), met die aanvang van 'n maal, is 'n gemiddelde piek serumvlak van 5,7 µg amoksisillien en 3,8 µg klavulaansuur per milliliter binne een uur by gesonde vrywilligers bereik. Verdubbeling van die dosis verdubbel feitlik die piek serumvlak.

Verspreiding

Ongeveer 25 % van die totale plasma-klavulaansuur en 18 % van die totale plasma amoksisillien is gebonde aan proteïene. Die skynbare verspreidingsvolume is ongeveer 0,3 – 0,4 l/kg vir amoksisillien en rondom 0,2 l/kg vir klavulaansuur.

Na intraveneuse toediening is beide amoksisillien en klavulaansuur in die galblaas, buikweefsel, vel, vet, spierweefsel, sinoviale- en peritoneale vloeistowwe, gal en etter gevind.

Amoksisillien versprei nie voldoende in die serebrospinale vloeistof nie.

Uit dierstudies is daar geen bewyse vir beduidende weefselretensie van geneesmiddel-afgeleide materiaal vir enige komponent nie. Amoksisillien, soos die meeste penisilliene, kan in borsmelk opgespoor word. Spoorhoeveelhede klavulaansuur kan ook in borsmelk opgespoor word (sien afdeling 4.6).

Biotransformasie

Die hoof roete van eliminasie van amoksisillien is via die niere, terwyl vir klavulaansuur is dit deur middel van renale- en nie-renalemeganismes. Amoksisillien word gedeeltelik in die urine uitgeskei as die onaktiewe penisilloïensuur in hoeveelhede gelykstaande aan 10 tot 25 % van die aanvanklike dosis. Klavulaansuur word op grootskaal by die mens gemetaboliseer en word in urine en ontlasting uitgeskei en as koolstofdioksied in lug wat uitgeasem is.

Eliminasie

64,9 % amoksisillien en 37,5 % klavulaansuur word onveranderd binne die eerste 6 uur na 'n mondelikse dosis van 2 tot 1 amoksisillien/klavulaansuur tablette, in die urien uitgeskei. Gelyktydige toediening van probenesied het min uitwerking op die uitskeiding van die klavulaansuurbestanddeel van die formulering.

Renale inkorting

Die totale serumopreiming van amoksisillien/klavulaansuur neem proporsioneel af met afnemende renale funksie. Die vermindering van geneesmiddelopruiming is meer uitgesproke vir amoksisillien as vir klavulaansuur, aangesien 'n hoër persentasie amoksisillien via die renaleroete uitgeskei word. Dosisse in renale inkorting moet dus onnodige ophoping van amoksisillien voorkom, terwyl voldoende vlakke van klavulaansuur gehandhaaf word. (sien afdeling 4.2).

Hepatiese inkorting

Pasiënte met hepatiese inkorting moet met omsigtigheid gedoseer word en die lewerfunksie moet gereeld gemonitor word.

5.3 Prekliniese veiligheidsdata

Prekliniese data toon geen spesiale gevaar vir mense op grond van konvensionele studies van veiligheidsfarmakologie, genotoksisiteit en toksisiteit vir voortplanting nie. Daar is nie karsinogenisiteitstudies met amoksisillien/klavulaansuur gedoen nie.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1. Lys van hulpstowwe

Basiese butileerde metakrilaatkopolimeer (Eudragit E 12.5)
Natriumkroskarmellose (E468)
Krospovidoon Tipe A (E1202)
Makrogol 6000
Magnesiumstearaat (E470b)
Mikrokristallynesellulose (E460)
Watervrye kolloïdale silika (E551)
Talk (E553b)
Titaandioksied (E171)

6.2. Onverenigbaarede

Nie van toepassing.

6.3. Raklewe

2 jaar

6.4. Spesiale voorsorgmaatreëls vir berging

Bere by of onder 25 °C. Beskerm teen lug en vog.
Hou stulpverpakking in die buitenste karton totdat dit benodig word.

6.5. Aard en inhoud van die houer

Stulpverpakking basis-foelie wat uit OPA/Al/PVC bestaan, wat met aluminiumdekselfolie verseël is.
Elke stulpstrook bevat 5 tablette. Pakgrootte van 10 tablette.

6.6. Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening van 'n gebruikte medisyne of afvalstowwe wat van sodanige medisyne verkry word, en ander hantering van die produk

Geen spesiale vereistes nie.

7. HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE

TRINITY PHARMA (PTY) LTD
106 16de Weg, Gebou 2, Midrand, 1686, Suid-Afrika

8. REGISTRASIE NOMMER(S)

52/20.1.2/0777.776

9. DATUM VAN EERSTE MAGTIGING/HERNUWING VAN DIE MAGTIGING

Datum van eerste magtiging: 30 Maart 2021

10. DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS

N.A